PSW

# Eenheid 7: Afknougedrag

## Graad 6

Week 3: 4 Mei 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Sleutelvrae:

- Wat is afknougedrag/boeliegedrag?
- Vier maniere van afknougedrag.
- Waarom knou mense af?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AFKNOUGEDRAG (BL.61-62)

**Afknougedrag** (boeliegedrag) vind plaas wanneer 'n leerder of groep leerders die mag misbruik wat hulle het om ander seer te maak.

Het jy al hierdie tipe gedrag ervaar?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VIER MANIERE VAN BOELIEGEDRAG:




1. Emosionele vlak (emosies)


2. Verbale vlak (woorde)

3. Fisiese vlak (skop/slaan)

4. Kuber boelie (sosiale media)



Laerskool Mikro Kopiereg ©



**BOELIES!**

**Hoekom?**

# WAAROM KNOU MENSE AF?



Om **gewild** te wees



Om te **spog**



Om hulleself ru of **rof** te laat lyk



Om **aandag** te trek



Om mense **bang** te maak vir hulle



**Jaloers** op die persoon wat hul afknou


# WAAROM KNOU MENSE AF?



**Spot** leerders wat anders as hul lyk.




Omdat dit hulle **belangrik** laat voel



Leer van die **voorbeeld** wat hul ouers, broer of suster stel

Portuurgroepe **beïnvloed** mekaar en kan leerders laat glo dat boeliegedrag aanvaarbaar is





Volwassenes leer nie vir leerders die vaardighede om mekaar te verdra en **waardeer** nie.

## Leesstuk oor hoe om die afknougewoonte af te leer

### *Hoe Thembi besef het dat sy afknouerig is*

Hier volg 'n inskrywing uit Thembi se dagboek op die dag wat sy na die skoolhoof se kantoor ontbied is oor afknougedrag.

Liewe Dagboek

Ek voel vandag aaklig! Ek sit al die hele tyd ná skool in my kamer en weet nie wat om te doen nie. Ek voel so verleë, ontsteld en skaam oor my gedrag. Ek kan my net voorstel wat die skoolhoof en onderwysers van my moet dink. Maar laat ek ophou jammer voel vir myself en jou vertel wat gebeur het.

Ek is vandag na die skoolhoof se kantoor ontbied. Ek was eers geskok, want ek was nog nooit gevra om na haar kantoor toe te gaan nie. Ek het probeer onthou of daar 'n rede kan wees waarom ek na haar kantoor ontbied word. Ek doen altyd my huiswerk en leer altyd vir my toetse. Ek kon my nie voorstel waarom sy tog met my wou praat nie.

Toe onthou ek skielik: Kon dit wees? Kon dit iets te doen het met die brief wat ek en my vriende aan Joyce geskryf het?

Mev. Radebe het my gevra om te sit en het 'n brief aan my oorhandig. Ek het my eie handskrif herken en het besef ek was reg. Die brief in haar hand was die brief wat ek oor Tanya geskryf het. Hoe het dit in mev. Radebe se kantoor op haar lessenaar beland? Die brief was persoonlik en slegs vir Joyce se oë bedoel.

Mev. Radebe het onsteld gelyk en het my gevra om te verduidelik. Ek het vloer toe gekyk en na my skoene gestaar. Ek was te verleë om enigiets te sê. "Mev. Radebe," probeer ek uiteindelik, "ek wou nie hê sy moet my vriende steel nie." Mev. Radebe het verward gelyk. "Is dit hoekom jy haar skelname gee en nare aanmerkings oor haar in hierdie brief maak?" Ek het aan mev. Radebe probeer verduidelik dat ek gewoonlik nie eens met haar praat nie.

Mev. Radebe het uiteindelik geantwoord. "Thembi, dit word afknougedrag genoem. As jy mense skelname gee, nare goed oor hulle sê of skryf, en hulle uitsluit uit aktiwiteite en met opset nie met hulle praat nie, word dit afknougedrag genoem." Haar woorde het my geskok. "Mev. Radebe, ek is nie 'n bullebak nie," het ek in 'n verleë stemtoon gesê. "Ek wou net nie hê sy moet my vriende steel nie." Ek het nou amper gefluister uit skaamte. "Bullebakke dreig mense, slaan hulle en dwing hulle om goed te doen wat hulle nie wil doen nie. Ek sal nooit so-iets doen nie."

"Thembi," het mev. Radebe geantwoord, "afknougedrag neem baie vorms aan, maar veroorsaak dieselfde skade. Afknougedrag kan leerders eensaam, ongelukkig, bang en onveilig laat voel en laat dink daar moet iets met hulle verkeerd wees. Leerders wat afgeknou word, het dikwels maagpyn, kry nagmerries en wil nie skool toe gaan nie. Dit is hoe Tanya nou voel. As afknougedrag voortgaan, kan die persoon wat afgeknou word sy selfvertroue verloor."

Ek het my kop in skaamte laat sak. Ek het nooit besef hoeveel skade ek gedoen het deur hierdie brief te skryf nie en het gesweer om dit nooit weer te doen nie. Ek wil ook met Tanya praat en haar om verskoning vra dat ek haar seergemaak het.

Lees die inskrywing uit Thembi se dagboek op bl.62.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AKTIWITEIT 3

LAERSKOOL MIKRO

**Lees die inskrywing uit Thembi se dagboek en beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom dink jy was Thembi afknouerig?
2. Noem sommige negatiewe gevolge van afknougedrag.
3. Dink jy Thembi kan haar afknougewoonte afleer? Motiveer jou antwoord.

**Maak seker jy kan 'n paar van die redes waarom mense afknou vir mamma of pappa opnoem.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©